NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 12 – Uitgawe 7
20 Maart 2019

Wat kan die Hervormde Kerk leer by die Gaum-uitspraak?

'n Volbank van die hooggeregshof in Pretoria het op 8 Maart 'n eenparige uitspraak gelewer ten gunste van Laurie Gaum en drie ander (wat 'n groep van 11 lidmate verteenwoordig) teen die NG Kerk.

Om kommentaar in die NHKA se publikasies te lewer op 'n ander kerk se hantering van die gay-kwessie sal voorbarig en onvanpas wees. Die NHKA het weliswaar in 2016 'n progressiewe besluit oor dieselfde saak geneem – die woord *selibaat* hoort immers net so min in ons amptelike kerklike woordeskat as *bieghokkie* en *aflaatbrief*. Maar die NHKA se besluit is nog nie regtig wyd op grondvlak getoets nie. Kerklike besluite, net soos hofuitsprake, verander nie noodwendig mense se harte nie. Die NHKA erken wel selfdegeslagverbintenisse, maar die Kerk se predikante is tans nie by magte om te registreer om sodanige verbintenisse kragtens die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006) te kan bevestig nie. Die Kerk stap steeds die pad van besinning en dialoog – en die hoop beskaam nie dat die hele kwessie van seksuele oriëntasie uiteindelik heeltemal van kerklike agendas sal verdwyn.

Die uitspraak in die Gaum-saak bevat wel belangrike algemene beginsels waarvan die NHKA, en alle ander kerke, gerus kennis kan neem. Dit is nie nuwe sake nie en nie verrassend nie – die hof het net weer bekende beginsels bevestig ter wille van regsekerheid.

Die eerste saak waarop die uitspraak fokus, is die noodsaaklikheid dat kerke nie hul eie interne prosedures en reëls moet verontagsaam nie – en dat kerkvergaderings in die neem van besluite nie hul bevoegdhede moet oorskry nie.

In die NHKA is dit nie ongewoon nie om te hoor hoe daar met groot stelligheid verklaar word: *Die Kerkorde is nie hier by ons nodig nie, want ons vertrou mekaar*; of: *Ons doen dinge op ons eie manier, en dit werk vir ons*. Maar soos klokslag wanneer verhoudings begin versuur, stof daardie einste kerkrade en individue flink hul (dikwels verouderde) Kerkordes af in 'n poging om hul eie belange te beskerm of om die teenparty oor die kole mee te haal. Om egter terugwerkend gebreke in prosedures te herstel of te ontkom aan die gevolge van slordige strukture en besluitnemingsprosesse, is meestal futiel. Groot skade word dan in die proses gely.

Die uitspraak is egter nie beperk tot prosedurele kwessies nie. Op versoek van die partye het die hof hom ook uitgespreek oor die toepaslike substantiewe (grondwetlike) beginsels. Die uitspraak bevestig dat die howe huiwerig is om in te meng in kerke se geloofs- en belydeniskwessies. Die reg op godsdiensvryheid is egter nie absoluut nie, en ook nie 'n hoër reg as ander fundamentele regte nie. Om die reg op godsdiensvryheid in te span om ander basiese regte van sekere mense te skend of hul vryhede te beperk, deug nie. Indien geloofsinstellings aanspraak wil maak op outonomie en selfregulering met minimum inmenging deur die owerheid, sal hulle te alle tye binne die grense van die Grondwet van Suid-Afrika moet bly.

Met verwysing na 'n beslissing van die konstitusionele hof herinner die uitspraak ons dat die Grondwet 'n radikale breuk verteenwoordig met 'n verlede gebaseer op onverdraagsaamheid en uitsluiting, en tot diens is van 'n reis na 'n aanvaarding van die behoefte om 'n samelewing te ontwikkel wat gebaseer is op gelykheid en respek vir almal deur almal. Kerke moet derhalwe toesien dat alle lidmate die volle omvang van regte en vryhede binne die betrokke kerk geniet (sien artikel 9[2] van die Grondwet). Die Grondwet se kernwaardes van gelykheid, vryheid en menswaardigheid behoort deur alle vrywillige verenigings weerspieël te word – en dit sluit kerke in.

Die bespreking in paragrawe 58-60 van die uitspraak rakende die prosedures by die amendering, hersiening en vervanging van vorige besluite van kerkvergaderings, is ewe-eens iets waarvan veral die Algemene Kerkvergadering wat later vanjaar plaasvind, kennis behoort te neem.

Dr Johan van Staden, Sionspoort

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Ds Wimpie Steyn

Mev Karen Breedt



Ds Johan en Marietjie Viljoen

Prof Ernest van Eck

Lief en leed

- **Mev Elsa Swanepoel**, vrou van ds Fanie Swanepoel (emeritus), het ’n suksesvolle heupvervanging ondergaan. Sy is tans nog in Eugene Marais-hospitaal. Ons bid haar spoedige herstel toe.

- **Ds Wimpie Steyn** (emeritus) is reeds vir ongeveer twee weke in Kloof-hospitaal waar hy behandel word vir ’n skynbaar onopspoorbare infeksie. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

- Baie sterkte aan **mev Karen Breedt** van die Skribaat wat op 11 Maart ’n groot operasie ondergaan het. Ten spyte van die feit dat sy vir ses weke met siekteverlof is, is sy reeds weer tuis besig om haar sinodale werk te doen!

- **Ds JJ (Johan) Viljoen** se emeritaataanvaarding het op Sondag 10 Maart by Gemeente Middelburg plaasgevind. Ds Colin Hertzog (een van ds Johan se oud-katkisante) het namens die Kommissie van die AKV die emeritaatsdokumente oorhandig. Ds Viljoen is in Januarie 1978 georden, en het gedien in gemeentes Nigel, Vryburg, Stilfontein, Witbank, Koornfontein en Middelburg.

- **Prof Ernest van Eck** is met ingang van 1 April 2019 aangestel as **adjunkdekaan** van UP se Fakulteit Teologie en Religie. Hy het die aanstelling gekry op dieselfde dag as toe hy as departementshoof van Nuwe Testament ingehuldig is. Hy sal dus albei portefeuljes behartig.

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

  - Woensdag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagtend) en PA (André) Harmzen (buiteland/Swartkop)
  - Donderdag 21 Maart: Ds PP (Paul) Jooste (emeritus)
  - Saterdag 23 Maart: Ds FB (Bernie) Sneygans (Hartebeestpoort)
  - Sondag 24 Maart: Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (Witfontein)
  - Maandag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt (Bybelgenootskap van Namibië)
  - Dinsdag 26 Maart: Di DJP (Dirk) Stoltz (emeritus) en AM (Anton) Swanepoel (emeritus)
  - Woensdag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
  - Donderdag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (Breyten), MD (Mariët) Robbertze (Philadelphia) en JJ (Jaco) van Sittert (Randburg)
  - Vrydag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (emeritus/Chrissiesmeer) en ds PH (Petri) van Rooyen (buiteland)

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Bronkhorstspruit:** Die enigste e-posadres vir die gemeente is voortaan **nhbhs@nhk.co.za**. As gevolg van die verwisseling van diensverskaffer is die gemeentelike kantoor se telefoon (nommer 013 932 2929) buite werking. Kontak asseblief een van die volgende persone: Dolf 073 908 5787; Rina 083 718 6165 (Maandag en Vrydag); of Gerda 082 323 1193 (Dinsdag en Donderdag).

- **Gemeente Bronkhorstspruit** vier op **Saterdag 6** (basaar) **en Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar.** Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / **nhbhs@nhk.co.za**.

- Die kombinasiegemeentes **Joachim Prinsloo op Northam en Ruskoppies op Dwaalboom** het ’n **werkruimte beskikbaar vir ’n voltydse predikant**. Daar is twee eredienspunte wat in Afrikaans bedien word. Die meeste lidmate is boere en werknemers op die myne. Die lidmate kom uit verskillende spiritualiteitstipes, wat so bedien moet word dat daar deurlopende

samewerking en eenheid is. Die leraar sal in Thabazimbi en/of die Dwaalboom-area woon. Die ampswerk sluit in uitvoering van die gemeentes se bedieningsplan en geestelike bediening van lidmate deur prediking, pastoraat, Bybelstudie, toerusting, barmhartigheidsdiens, ensovoorts. Verder behels dit kommunikasie, medetoesig en gedeelde leiding met die gemeente se finansies en projekte. Ruim versorging – binne die gemeentes se vermoëns – word onderneem. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, mnr Poena Siemens, by **jenny1@gmail.com**. Kontak hom by 060 976 6176. Die kombinasiekerkraad behou die reg voor om ook 'n predikant buite die lys van belangstellende persone te beroep of te benoem. Aansoeke moet asseblief vergesel word van 'n kort CV en moontlike verwysings vir navrae deur die kerkraad. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 29 Maart 2019**.

- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het 'n **werkruimte vir deeltydse bediening** beskikbaar **vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in 'n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV's kan deur belangstellende gelegitimeerde predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booysen by **sarelbooysen@gmail.com**. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 3251857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019.**

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.

- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

Kerkargief

Op Maandag 11 Maart het **mnre Nándor Sarkady (argivaris) en Louwrens Pretorius (inligtingsbeampte)** van die NHKA se Sinodale Dienssentrum deelgeneem aan **interkerklike samesprekings** oor argivering en die elektroniese bestuur van inligting. Die vergadering het ook besoek gebring aan die Kerkargiewe van die Evangelies-Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Oostelike Sinode). Verdere deelnemers was van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Christelike Gereformeerde Kerk. Die groep vergader jaarliks en beplan dus om weer in 2020 bymekaar te kom. Die suksesvolle gebruik van Microsoft Excel as 'n databasis vir die bestuur van elektroniese inligting is deur die NG Kerk se Oostelike Sinode gedemonstreer. Die stelsel funksioneer parallel met die fisiese argief. Die inligting is so gerangskik dat dit maklik gevind kan word. Die kerklike verteenwoordigers deel ervarings en onsekerhede met mekaar en lewer advies. Die doel van die samesprekings is juis om van mekaar te leer oor die era van elektronika waarin ons leef, sowel as om besprekings te hou oor die beste praktyke van fisiese argivering.

Vergaderings

- Donderdag 28 Maart: Rata Bestuur

’n Gedig

My geliefde

my geliefde dra
’n kroon dorings, Hy word
bespot, gekruisig, begrawe,
hulle sê Hy het op die derde dag
weer opgestaan, verskyn
aan sommiges, brood en vis en
heuningkoek geëet, opgevaar,
eendag kom Hy weer
intussen soek ek Hom oral
by sy familiefeeste,
die wedergeborenes, in hulle huise,
by jeugaksies en vrouevergaderings
en ek wag al hoe lank
in my wit klere
by die kerk se deur
op die bruidegom
wat vertoef in die wolke

Eveleen Castelyn
(Uit: *Tussen hemel en aarde*, 1978)

Toerusting

- **Stasies van die Kruis: Word stil op die Lydenspad**
  7-19 April: Elke aand 18:00-20:00
  Kom, word stil en ervaar die stadiums van die Lydenstydperk
  Soos vertel deur Johannes
  Uitgebeeld met kuns en musiek
  Gemeente Montana
  Jan Bantjiesstraat 350, Montana
  Navrae: 012 567 1753
  www.nhkmontana.co.za
  Facebook: @nhkmontana

Barmhartigheid

- **NHKA Diakonaat se *Ubi caritas*-simposium 2019**
  Dinsdag 30 April – Donderdag 2 Mei
  Christelike barmhartigheid in die Suid-Afrikaanse konteks
  By Gemeente Wonderboom
  Navrae: Sonet Esterhuizen 012 322 8885 x3109
  sonet@plesion.org.za

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn.** Johannes Postmus het tans ’n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria,** is ’n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen **R90 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4’s), aan die bokant gegom, sodat dit plat op ’n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Waterval Boven: Karp-hengelkompetisie**
  Saterdag 6 April
  By Milly’s se dam, naby Machadodorp
  Inskrywings R250
  Wen R5 000 met die swaarste vis vir die dag
  Navrae: Anita Booyse by **anitabooyse@gmail.com**

- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgholfdag**
  Woensdag 10 April by Zwartkop-gholfbaan
  Early Bird Special voor 1 April:
  R1 760 per 4-bal of R440 per speler
  Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
  Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
  Stephen 074 658 4630
  James 083 679 6633

Basaars

- **Gemeente Warmbad: Bosveldfees**
  Vrydag 29 tot Sondag 31 Maart
  Feesterrein van Forever Resort
  Uitstekende kunstenaars met die vermaaklike Piet Pompies (Vrydagaand)
  Bok van Blerk, Kevin Leo en ander (Saterdag)
  Hondeskou, dansgroepe, K9-hondevertoning
  Stalletjies en baie lekkernye
  Navrae aan Maureen Minny by 083 310 0089

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

Here, die grootste probleme
in die uitlewing van my Christenskap
kom juis daar waar ek dit die minste verwag.
Ek word byvoorbeeld in die môre wakker,
en voordat ek nog aan U kan dink,
bespring my eie selfsugtige behoeftes my onmiddellik
soos wilde diere.
Gevolglik is my eerste taak van elke dag
om hulle met groot selfbeheersing
op die agtergrond te probeer stoot.
U weet ek slaag nie altyd daarin nie, hoegenaamd nie.
Daarom bid ek vir u bystand,
elke oggend,
en dwarsdeur die dag.
Sodat my ore en my hart ingestel sal raak
op u onopdringerige Stem.
Help my om die ánder standpunt,
die vreemde perspektief van u evangelie,
in elke situasie te oorweeg.
Om deur u oë na die werklikheid te kyk,
en om u groter, dieper, stiller lewe
toe te laat om my bestaan binne te vloei.

CS Lewis
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk